TEGNIESE TEKENE SG V1 **NOVEMBER 2006**

VRAAG 1: PUNTE EN LYNE

1.1 Die vraag is redelik beantwoord maar die vooraansig van die lynstuk is in sommige gevalle in die verkeerde posisie geteken.
1.2 Hierdie vraag is redelik beantwoord. Kandidate het probleme ondervind met die bepaling van die vertikale spoor VT.
1.3 Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord.
1.4 Die bepaling van die kortste afstand tussen die punt en die skuinsvlak het vir sekere kandidate probleme geskep.

VRAAG 2: VLAKFIGUUR EN PUNT OP 'N SKUINSVLAK

Hierdie vraag is redelik beantwoord. Kandidate het in baie gevalle die ware hoek t.o.v. die vertikale vlak i.p.v. die gevraagde horisontale vlak geteken. Die bepaling van die ware vorm van die vlakfiguur was ook 'n probleem.

VRAAG 3: SKUINSDEURSNIT VAN 'N MEETKUNDIGE VASTE LIGGAAM

Die vraag is baie swak beantwoord. Die meeste kandidate kon nie eers die skuinsvlak na 'n hellende vertikale vlak verander nie ('n basiese konsep). Min kandidate kon ook die ware vorm van die snitoppervlak teken.

VRAAG 4: DEURDRINGING EN ONTWIKKELING

Die bepaling van die voltooide hulpaansig en die deurdringingskrommes is oor die algemeen goed beantwoord. Die bepaling van die oppervlakontwikkeling van die driehoeige prisma is egter swak beantwoord.

VRAAG 5: LOKUSSE

Die berekeninge is swak beantwoord ('n basiese konsep). Die verdeling/indeling van die gegewe bane is as gevolg hiervan verkeerd gedoen.

VRAAG 6: NOKPROFIEL

Hierdie vraag is oor die algemeen baie goed beantwoord. Sommige kandiate verwar egter die rigting van rotasie en dié van die profiel.